Totdat verdere inligting beskikbaar word, word die medetoediening van lamivudien met intraveneuse gansiklovir of foskarnet nie aanbeveel nie.

Interaksies relevant tot sidovudien:

Sidovudien het geen effek op die farmakokinetika van lamivudien nie. 'n Effense toename in K_{maks} (28 %) is vir sidovudien waargeneem wanneer dit met lamivudien toegedien word. Die algehele blootstelling (AOK) het nie beduidend verander nie.

Die medetoediening van sidovudien en rifampisien verlaag die AOK van sidovudien met 48 % ± 34 %. Die kliniese betekenis hiervan is egter onbekend.

By sommige pasiënte wat sidovudien ontvang het, is dit aangemeld dat die bloedvlakke van fenitoïen laag was, terwyl dit by een pasiënt hoog was. Hierdie waarnemings impliseer dat fenitoïenkonsentrasies noukeurig gemonitor behoort te word by pasiënte wat **LODIZ** in kombinasie met fenitoïen ontvang.

Die gebruik van parasetamol gedurende behandeling met sidovudien in 'n plasebobeheerde proef is met 'n toename in die voorkoms van neutropenie geassosieer, veral na chroniese terapie. Die beskikbare farmakokinetiese data toon egter aan dat parasetamol teen die dosisse wat bestudeer is, nie die plasmavlakke van sidovudien of sy glukuroniedmetaboliet verhoog nie.

Die volgende middels, insluitend maar nie beperk tot, kan die metabolisme van sidovudien verander deur glukuronidasie kompeterend te inhibeer, of direk mikrosomale metabolisme in die lewer te inhibeer: aspirien, kodeïen, morfien, indometasien, ketoprofen, naproksen, oksasepam, lorasepam, simetidien, klofibraat, dapsoon en isoprinosien. Die moontlikheid van middelinteraksies behoort oorweeg te word voordat sulke middels, veral vir chroniese terapie, in kombinasie met **LODIZ** gebruik word.

Die risiko van newe-effekte tot sidovudien kan ook toeneem met meegaande terapie, veral akute terapie, met potensieel nefrotoksiese of miëlo-onderdrukkende middels (bv. sistemiese pentamidien, dapsoon, pirimetamien, kotrimoksasool, amfoteresien, flukitosien, gansiklovir, interferon, vinkristien, vinblastien en doksorubisien). Ekstra sorg moet geneem word in die monitering van nierfunksie en hematologiese parameters en indien nodig, behoort die dosis van een of meer van die middels verminder te word, wanneer die meegaande terapie met **LODIZ** en enige van hierdie middels nodig is.

In vitro is die kombinasie van sidovudien met ribavirien of stavudien antagonisties. Die gelyktydige gebruik van ribavirien of stavudien saam met **LODIZ** behoort vermy te word (sien "**KONTRA-INDIKASIES"**).

Die gelyktydige gebruik van profilaktiese antimikrobiese terapie behoort moontlik oorweeg te word, aangesien sommige pasiënte wat **LODIZ** ontvang, kan aanhou om opportunistiese infeksies op te doen. Hierdie genoemde profilakse het pirimetamien, kotrimoksasool, pentamidien in aerosolvorm en asiklovir ingesluit. Die beperkte data uit kliniese proewe toon nie 'n beduidende toename in die risiko van newe-effekte tot sidovudien met hierdie middels aan nie.

Deur die afname in glukuronidasie wil dit uit beperkte data voorkom asof probenesied die halfleeftyd en area onder die plasmakonsentrasiekurwe van sidovudien laat toeneem. In die teenwoordigheid van probenesied, word die nieruitskeiding van die glukuronied (en moontlik sidovudien as sulks) verminder.

MENSLIKE VOORTPLANTING:

Die veiligheid van lamivudien by menslike swangerskap is nie vasgestel nie. Derhalwe word behandeling gedurende die eerste trimester van swangerskap nie aanbeveel nie.

Dit is aangetoon dat die gebruik van sidovudien by swanger vroue, met die daaropvolgende behandeling van die nuutgebore baba, die koers van moeder-fetusoordraging van MIV verminder. Dit is egter nie vir lamivudien vasgestel nie. Gevolglik behoort die toediening van **LODIZ** gedurende swangerskap slegs oorweeg te word indien die verwagte voordele opweeg teen enige moontlike risiko's.

Studies by lakterende rotte het getoon dat, na orale toediening, lamivudien en sidovudien in die melk uitgeskei is. Dit is nie bekend of lamivudien of sidovudien in menslike melk uitgeskei word nie. Aangesien hierdie middels na die borsmelk kan beweeg, word dit aanbeveel dat moeders wat **LODIZ** gebruik, nie hul babas borsvoed nie.

DOSERING EN GEBRUIKSAANWYSINGS:

Volwassenes en kinders ouer as 12 jaar:

Die aanbevole dosis: een tablet twee keer per dag.

LODIZ kan met of sonder voedsel toegedien word.

'n Dokter met ondervinding in die bestuur van MIV-infeksie behoort terapie te inisieer. Tydens kombinasieterapie met ander antiretrovirusmiddels behoort die verpakkingsbiljette van die spesifieke middel vir inligting geraadpleeg te word.

Belemmerde nierfunksie:

Weens 'n afname in suiwering by pasiënte met belemmerde nierfunksie, is die konsentrasies van lamivudien en sidovudien hoër. Daarom, aangesien die aanpassing van die doserings van hierdie middels nodig kan wees, word dit aanbeveel dat aparte preparate van lamivudien en sidovudien toegedien word aan pasiënte met vertraagde nierfunksie (kreatiniensuiwering 50 ml/min). Die verpakkingsbiljette van die spesifieke preparate moet vir volledige besonderhede van hierdie doseringsaanpassings geraadpleeg word.

Belemmerde lewerfunksie:

Die invloed van belemmerde lewerfunksie op lamivudienvlakke is nog nie heeltemal duidelik nie. Suiwering van lamivudien vind hoofsaaklik deur die niere plaas. Gebaseer op voorlopige veiligheidsdata is geen aanpassing van die dosering nodig nie. Lamivudien behoort met sorg gebruik te word by pasiënte met hepatomegalie of ander risikofaktore vir lewersiekte. Beperkte data by pasiënte met sirrose dui daarop dat akkumulasie van sidovudien weens 'n afname in glukuronidasie by pasiënte met belemmerde lewerfunksie kan voorkom. Daarom, aangesien doseringsaanpassings vir sidovudien nodig kan wees, word dit aanbeveel dat aparte lamivudien- en sidovudienpreparate aan pasiënte met erg belemmerde lewerfunksie toegedien word. Die verpakkingsbiljet vir sidovudien behoort vir volle besonderhede van doseringsaanpassings geraadpleeg te word.

Doseringsaanpassings by pasiënte met hematologiese newe-effekte:

Doseringsaanpassing van sidovudien kan nodig wees indien die hemoglobienvlakke onder 9 g/dl of 5,59 mmol/l, of die neutrofieltelling onder 1,0 x 10^9/l daal (sien "**KONTRA-INDIKASIES"**). Dit is meer waarskynlik by pasiënte met swak beenmurgreserwes voor behandeling, veral pasiënte met gevorderde MIV-siekte. Aangesien aanpassing van die **LODIZ** dosering nie moontlik is nie, behoort aparte sidovudien- en lamivudienpreparate gebruik te word. Dokters behoort na die individuele verpakkingsbiljette te verwys.

Dosering by bejaardes:

Weens ouderdomsverwante veranderinge soos 'n afname in nierfunksie en verandering van hematologiese parameters, word spesiale sorg vir bejaarde pasiënte aanbeveel.

NEWE-EFFEKTE:

Newe-effekte is aangemeld gedurende terapie vir MIV-siekte met lamivudien en sidovudien, apart of in kombinasie. Met menige van hierdie gebeurtenisse is dit nie bekend of hulle met lamivudien, sidovudien of met die wye reeks middels wat in die bestuur van MIV-siekte gebruik word, verband hou nie, of dat hulle die gevolg van die onderliggende siekteproses is.

Aangesien **LODIZ** lamivudien en sidovudien bevat, kan die tipe en graad van erns van newe-effekte van elkeen van die middels verwag word. Daar bestaan geen bewys van sinergistiese toksisiteit na die gelyktydige toediening van die twee middels nie.

Lamivudien: Die newe-effekte wat aangemeld is, is:

Afwykings van die senuweestelsel

Dikwels: Hoofpyn, slaaploosheid.

Minder dikwels: Alhoewel geen verwantskap met die lamivudiendosis aangemeld is nie, is gevalle van perifere neuropatie (of parestesie) aangeteken.

Muskuloskeletale-, bindweefsel en beenafwykings

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: malaise, moegheid, muskuloskeletale pyn.

Gastroïntestinale afwykings

Dikwels: Naarheid, diarree, braking, buikpyn of krampe.

Respiratoriese-, bors en mediastinale afwykings

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Hoes, neussimptome.

Endokriene afwykings

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Alhoewel geen verwantskap met lamivudien aangemeld is nie, is gevalle van pankreatitis aangemeld.

Afwykings van die bloed en limfatiese sisteem

Dikwels: Anemie en neutropenie (beide af en toe akuut) het in kombinasie met sidovudien voorgekom. Trombositopenie is aangemeld.

Ondersoeke

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Verbygaande toenames in lewerensieme (AST, ALT) en toenames in serumamilase is aangemeld.

Sidovudien:

Afwykings van die bloed en limfatiese sisteem

Anemie (wat bloedoortapping kan noodsaak), neutropenie en leukopenie is as die mees ernstige newe-effekte aangemeld. Hierdie newe-effekte kom meer dikwels teen hoër doserings (1 200 tot 1 500 mg/dag) voor, asook by pasiënte met gevorderde MIV-siekte (veral met swak beenmurgreserwe voor behandeling), en veral by pasiënte met CD4 seltellings van < 100/mm³. 'n Vermindering van dosis of staking van terapie kan noodsaaklik word (sien "**DOSERING EN GEBRUIKSAANWYSINGS**").

Newe-effekte is aangemeld by pasiënte wie se neutrofieltellings, hemoglobienvlakke en serum vitamien B_{12} vlakke laag is aan die begin van sidovudien terapie, en by pasiënte wat gelyktydiglik parasetamol gebruik (sien "**INTERAKSIES"**).

Gastroïntestinale afwykings

Dikwels: Naarheid, braking, anoreksie, buikpyn, dispepsie.

Afwykings van die senuweestelsel

Dikwels: Hoofpyn, parestesie, astenie, slaaploosheid.

Afwykings van die vel en subkutane weefsels

Dikwels: Uitslag.

Muskuloskeletale-, bindweefsel en beenafwykings

Dikwels: Mialgie, malaise.

Naarheid het aansienlik meer dikwels by alle studies by pasiënte wat sidovudien ontvang het, voorgekom. Dit is aangemeld dat die ander newe-effekte nie konsistent meer dikwels as by die plasebo-ontvangers voorgekom het nie. Braking, anoreksie, malaise en astenie het meer dikwels by sidovudienbehandelde pasiënte met vroeë MIV- siekte voorgekom, terwyl erge hoofpyn, mialgie en slaaploosheid meer dikwels by die sidovudienbehandelde pasiënte met gevorderde MIV-siekte voorgekom het.

Algemene afwykings en kondisies by die plek van toediening

Dikwels: Koors.

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Slaapsug, diarree, duiseligheid, sweet, dispnee, winderigheid, smaakafwyking, borspyn, verlies aan geestelike skerpheid, angs, urienfrekwensie, depressie, algemene pyn, kouerillings, hoes, urtikarie, pruritus en 'n griepagtige sindroom is as ander newe-effekte wat met die gebruik van **LODIZ** geassosieer word, aangemeld.

Die voorkoms van hierdie en ander minder dikwelse newe-effekte was soortgelyk by beide die sidovudien- en plasebobehandelde pasiënte. Die voorkoms van naarheid en ander dikwels aangemelde newe-effekte het konsistent met verloop van tyd gedurende die eerste paar weke van terapie met sidovudien verminder. Dit is aangetoon met beskikbare data van beide plasebobeheerde en ope-etiket studies.

Die verwantskap tussen die volgende gebeurtenisse wat aangemeld is, en die gebruik van sidovudien, is moeilik om te evalueer as die medies gekompliseerde situasies wat kenmerkend van gevorderde MIV-siekte is, in ag geneem word (sien **"WAARSKUWINGS en SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"**).

Hepatobiliêre afwykings

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Melksuurasidose in die afwesigheid van hipoksemie, lewerafwykings soos erge hepatomegalie met steatose.

Muskuloskeletale-, bindweefsel en beenafwykings

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Miopatie.

Afwykings van die bloed en limfatiese sisteem

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Pansitopenie met beenmurghipoplasie en geïsoleerde trombositopenie.

Ondersoeke

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Verhoogde bloedvlakke van lewerensieme en bilirubien.

Endokriene afwykings

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Pankreatitis.

Muskuloskeletale-, bindweefsel en beenafwykings

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Pigmentering van die naels, vel en mondslymvlies.

Afwykings van die senuweestelsel

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: By pasiënte wat ope-etiket terapie met sidovudien ontvang, is stuiptrekkings en ander serebrale gebeurtenisse ook aangemeld. Die voordelige effek van sidovudien op MIV-geassosieerde neurologiese afwykings word oor die algemeen gestaaf deur die hoeveelheid bewyse.

Indien die graad van erns van die simptome dit regverdig, kan 'n vermindering of staking van sidovudien terapie help in die beoordeling en bestuur van hierdie kondisies. Die gebruik van **LODIZ** behoort gestaak te word en aparte preparate van sidovudien en lamivudien behoort toegedien te word indien die simptome ondraaglik word (sien **"WAARSKUWINGS en SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"**).

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN:

Daar bestaan geen ondervinding van oordosering met **LODIZ** nie. Daar is beperkte data beskikbaar oor die gevolge van die inname van akute oordosisse van lamivudien en sidovudien by mense. Alle pasiënte het herstel, geen sterftes het voorgekom nie. Na oordosering is geen spesifieke tekens of simptome geïdentifiseer nie.

Behandeling van oordosering:

In die geval van oordosering behoort die pasiënt vir bewys van toksisiteit gemonitor te word (sien "**NEWE-EFFEKTE" en "WAARSKUWINGS en SPESIALE VOORSORGMAATREËLS"**) en waar nodig, behoort die standaard ondersteunende behandeling toegepas te word. Aangesien lamivudien dialiseerbaar is, kan aanhoudende hemodialise by die behandeling van oordosering gebruik word, alhoewel dit nog nie bestudeer is nie.

Dit wil voorkom asof hemodialise en peritoneale dialise 'n beperkte effek op die eliminasie van sidovudien het. Dit verbeter egter die eliminasie van die glukuroniedmetaboliet. Dokters behoort na die individuele verpakkingsbiljette van lamivudien en sidovudien vir dosisaanwysings te verwys. Pasiënte by wie doelbewuste oordosis bevestig of vermoed word, behoort vir psigiatriese evaluasie verwys te word.

IDENTIFIKASIE:

Wit, gemodifiseerde kapsuulvormige, bikonvekse filmbedekte tablette met 'C' en '60' op die een kant gedruk, en gewoon aan die ander kant.

AANBIEDING:

1. 60 tablette verpak in 'n wit 110 ml HDPE houer (swaargewig), verseël met 'n dop met 'n induksieseëlprop.
2. 60 tablette verpak in 'n wit, ronde 75 ml HDPE houer (swaargewig), met 'n geribde polipropileendop met 'n induksieseëlprop.

Nie alle verpakkings en pakgroottes word noodwendig bemark nie.

BEWARINGSINSTRUKSIES:

Bewaar teen of benede 30 °C. Beskerm teen lig en vogtigheid.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMER:

A40/20.2.8/0381

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE:

Novagen Pharma (Pty) Ltd
Kantoor 2, Sovereignrylaan 100
Route 21 Corporate Park
Nellmapiusrylaan
Irene - Pretoria
Suid-Afrika

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE PROFESSIONELE INLIGTING:

Datum van registrasie: 11 Augustus 2006

Datum van laaste hersiening van die teks soos goedgekeur deur die Raad: 11 Augustus 2006

Datum van kennisgewing met betrekking tot gewysigde Reg. 9 en 10: 02 Februarie 2015

P1518117

DETACH BEFORE DISPENSING

PASIËNTINLIGTIGINGSBILJET

SKEDULERINGSTATUS

S4

EIENDOMSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM

LODIZ (Tablet)

Lamivudien/Sidovudien.

Lees die hele biljet voordat u begin om LODIZ te gebruik.

- Hou hierdie biljet. U mag dit moontlik weer wil lees.
- Indien u enige verdere vrae het, raadpleeg asseblief u dokter of apteker.
- **LODIZ** is vir u persoonlik voorgeskryf en u moet nie u medisyne met ander mense deel nie. Dit kan hulle skade aandoen, al het hulle ook dieselfde simptome as u.

1. WAT LODIZ BEVAT

- Die aktiewe bestanddele is lamivudien en sidovudien. Elke filmbedekte tablet bevat 150 mg lamivudien en 300 mg sidovudien.
- Die ander bestanddele is: kolloïdale silikoondioksied, magnesiumstearaat, mikrokristallyne sellulose, natriumstyselglikolaat, Opadry 13B58802 IHWit (hipromellose, titaandioksied, poliëtileenglikol 400, polisorbaat 80). Suikervry.

2. WAARVOOR LODIZ GEBRUIK WORD

LODIZ-tablette word aangedui as deel van 'n antiretrovirale kombinasie-terapie vir die behandeling van Menslike Immuniteitsgebrekvirus- (MIV-) geïnfekteerde volwassenes en kinders ouer as 12 jaar, met progressiewe immuuntekort (CD4-waarde ≤ 500 selle/mm³).

3. VOORDAT U LODIZ NEEM

Vermy die gebruik van LODIZ in die volgende situasies:

- Indien u hipersensitief (allergies) is vir lamivudien of sidovudien of enige ander bestanddele van **LODIZ**-tablette nie.
- Nie aanbeveel vir kinders jonger as 12 jaar oud nie. Onvoldoende data is beskikbaar.
- Pasiënte met abnormaal lae neutrofieltellings (< 0,75 x 10^9/l), of abnormaal lae hemoglobienvlakke (< 7,5 g/dl).
- *In vitro* is die kombinasie van sidovudien met óf ribavirien óf stavudien antagonisties. Die gelyktydige gebruik van óf ribavirien óf stavudien saam met **LODIZ** behoort vermy te word.

Neem spesiale voorsorg met LODIZ:

- U kan 'n potensieel noodlottige kondisie genaamd melksuurasidose ontwikkel terwyl u **LODIZ** gebruik. Stel onmiddellik u dokter of ander gesondheidsbeampte in kennis indien u enige van die volgende simptome ontwikkel: naarheid, braking, buikpyn, dispnee, moegheid en gewigsverlies. U dokter sal bloedtoetse uitvoer en u dienooreenkomstig behandel.
- Indien u sou swanger raak terwyl u **LODIZ** gebruik, kan u baba bloed- en senuweestelselafwykings ontwikkel. U dokter sal u baba se toestand monitor.
- Pankreatitis (inflammasie van die pankreas) is waargeneem by sommige pasiënte wat behandeling ontvang met **LODIZ.** Raadpleeg onmiddellik u dokter of ander gesondheidsbeampte indien u abdominale pyn, naarheid of braking ontwikkel. U dokter sal u behandeling met **LODIZ** staak totdat die diagnose van pankreatitis uitgesluit is.
- Indien u aan nierafwykings ly sal u dokter of gesondheidsbeampte u **LODIZ**-dosering moet aanpas.
- U kan lewerafwykings ontwikkel terwyl u **LODIZ** gebruik. Stel u dokter of gesondheidsbeampte in kennis as u aan 'n voorafbestaande lewersiekte, insluitend Hepatitis B of C, ly.
  Moet nie die gebruik van **LODIZ** staak as u met beide MIV en Hepatitis geïnfekteer is nie, aangesien dit kan lei tot die verergering van die Hepatitis-infeksie.
- U kan moontlik 'n kondisie genaamd lipodistrofie ontwikkel terwyl u **LODIZ** gebruik. Stel u dokter of gesondheidsbeampte in kennis as u enige van die volgende veranderings opmerk: die herverspreiding van u liggaamsvet (bv. die akkumulasie van vet rondom die buik- of maagarea, agter op die nek en tussen die skouers, naamlik 'n buffelskof, of die ontwikkeling van groter borste), die wegkwyning van die arms, bene en gesigspiere, asook verhoogde bloedglukosevlakke en lipiedwaardes.
- Indien u vir die eerste keer **LODIZ** gebruik, kan u moontlik binne die eerste paar maande van behandeling 'n kondisie ontwikkel wat bekend staan as Immuunrekonstitusie-inflammatoriese sindroom (IRIS). Hierdie kondisie kan opportunistiese infeksies wat alreeds behandel word, laat vererger, of opportunistiese infeksies wat voorheen geen simptome getoon het nie, ontmasker. Stel u dokter of gesondheidsbeampte in kennis indien u algemene gesondheid verswak, of indien u vermoed dat u 'n infeksie het. U moet nie die gebruik van **LODIZ** staak nie. U dokter sal die infeksie toepaslik behandel.
- U kan 'n kondisie bekend as osteonekrose ontwikkel terwyl u **LODIZ** gebruik. U word aangeraai om mediese advies in te win indien u pynlike en stywe gewrigte, of moeisame beweging ervaar.
- U kan steeds opportunistiese infeksies, asook ander komplikasies van MIV-infeksie ontwikkel terwyl u **LODIZ** gebruik. U behoort steeds noukeurig gemonitor te word deur 'n gesondheidsbeampte wat ervare is in die behandeling van pasiënte met gepaardgaande MIV-siektes. Gereelde monitering van virale lading en CD4-tellings moet gedoen word.
- U loop steeds die risiko om MIV aan ander oor te dra deur seksuele kontak of bloedkontaminasie terwyl u tans antiretrovirale behandeling ontvang, onder andere terapie met **LODIZ**. Gepaste voorsorgmaatreëls behoort voortdurend toegepas te word.

Die neem van LODIZ saam met voedsel en vloeistof:

LODIZ-tablette kan met of sonder voedsel geneem word.

Swangerskap en borsvoeding:

Die veiligheid van lamivudien by menslike swangerskap is nie vasgestel nie. Derhalwe word behandeling gedurende die eerste trimester van swangerskap nie aanbeveel nie.

Daar is getoon dat die gebruik van sidovudien by swanger vroue, met die daaropvolgende behandeling van die pasgebore baba, die voorkoms van moeder-fetus-oordraging van MIV verminder. Dit is egter nie vir lamivudien vasgestel nie. Gevolglik behoort die toediening van **LODIZ** gedurende swangerskap slegs oorweeg te word indien die verwagte voordele enige moontlike risiko's oorskadu.

Studies by lakterende rotte het getoon dat lamivudien en sidovudien, na orale toediening, in die melk uitgeskei is. Dit is nie bekend of lamivudien of sidovudien in menslike melk uitgeskei word nie. Aangesien hierdie middels oorgedra kan word na die borsmelk, word dit aanbeveel dat moeders wat **LODIZ** gebruik nie hul babas borsvoed nie.

As u swanger is of u baba borsvoed, moet u asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsbeampte raadpleeg voordat u **LODIZ** neem.

Die neem van ander medisyne saam met LODIZ:

Stel altyd u gesondheidsbeampte in kennis as u ander medikasie gebruik (dit sluit komplimentêre en tradisionele medisyne in).

LODIZ reageer met trimetoprim.

Die toediening van profilaktiese dosisse van kotrimoksasool veroorsaak 'n verhoogde konsentrasie van lamivudien in die bloedstroom. U dosis kan aangepas word indien u dokter bevestig dat u aan moontlike nierinkorting ly.

U dokter sal die fenitoïenkonsentrasies in u bloedstroom noukeurig monitor indien u hierdie middel gebruik.

Aspirien, kodeïen, morfien, indometasien, ketoprofeen, naproksen, oksasepam, lorasepam, simetidien, klofibraat, dapsoon en isoprinosien kan inmeng met die metabolisme van sidovudien. As u tans enige van hierdie middels in kombinasie met **LODIZ** gebruik, sal u dokter enige beduidende uitwerking monitor. Indien u tans sistemiese pentamidien, dapsoon, pirimetamien, kotrimoksasool, amfoteresien, flusitosien, gansiklovir, interferon, vinkristien of vinblastien gebruik, verhoog die risiko vir potensieel ernstige newe-effekte veroorsaak deur sidovudien. U dokter sal u nier- en hematologiese parameters monitor en enige nodige doseringsaanpassings oorweeg.

4. HOE OM LODIZ TE NEEM

Moet nooit u voorgeskrewe medikasie met iemand anders deel nie.

Neem **LODIZ** altyd presies soos deur u dokter voorgeskryf. As u onseker is, moet u dit asseblief met u dokter of apteker bevestig. As u van mening is dat die uitwerking van **LODIZ** te sterk of te swak is, raadpleeg u dokter of apteker.

Volwassenes en kinders oor die ouderdom van 12 jaar:

- Die aanbevole dosis: een tablet wat twee maal per dag oraal toegedien word.
- Die terapie behoort deur 'n dokter waargeneem te word met ondervinding in die behandeling van MIV-infeksie. **LODIZ**-tablette kan met of sonder voedsel geneem word.
- 'n Doseringsaanpassing kan nodig wees indien u dokter bevestig dat u aan belemmerde nier- en lewerfunksie ly of indien u 'n verhoogde risiko loop vir hematologiese newe-effekte.

As u te veel LODIZ geneem het:

In die geval van oordosering behoort die pasiënt gemonitor en die standaard ondersteunende behandeling toegepas te word indien nodig. In die geval van oordosering, moet u u dokter of apteker raadpleeg. As hulle nie beskikbaar is nie, kontak u naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

As u vergeet om LODIZ te neem:

Moenie die dosis verdubbel om vir die oorgeslane individuele dosis te vergoed nie.

5. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE

LODIZ kan newe-effekte veroorsaak.

LODIZ is 'n kombinasie van beide lamivudien en sidovudien en dus kan elkeen van hierdie middels newe-effekte veroorsaak.

Lamivudien: Die volgende newe-effekte is aangemeld:

Afwykings van die senuweestelsel:

Dikwels: Hoofpyn, slapeloosheid.

Minder dikwels: Alhoewel daar geen verwantskap met die lamivudiendosis aangemeld is nie, is gevalle van perifere neuropatie (of parestesie) aangeteken.

Muskuloskeletale-, bindweefsel en beenafwykings:

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: malaise, moegheid, muskuloskeletale pyn.

Gastroïntestinale afwykings:

Dikwels: Naarheid, diarree, braking, buikpyn of krampe.

Respiratoriese-, bors en mediastinale afwykings:

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Hoes, nasale simptome.

Endokriene afwykings:

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Alhoewel daar geen verwantskap met die lamivudiendosis aangemeld is nie, is gevalle van pankreatitis aangemeld.

Afwykings van die bloed en limfatiese sisteem:

Dikwels: Anemie en neutropenie (beide soms akuut) het in kombinasie met sidovudien voorgekom. Trombositopenie is aangemeld.

Ondersoeke:

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Verbygaande toenames in lewerensieme (AST, ALT). Toenames in serumamilase is aangemeld.

Sidovudien: Die volgende newe-effekte is aangemeld:

Afwykings van die bloed en limfatiese sisteem

Anemie (wat 'n bloedoortapping kan vereis), neutropenie en leukopenie is as die mees ernstige newe-effekte aangemeld. Hierdie newe-effekte kom meer dikwels teen hoër dosisse (1 200 tot 1 500 mg/dag) voor, asook by pasiënte met gevorderde MIV-siekte (veral tydens die voorkoms van swak beenmurgreserwe voor aanvang van behandeling), en veral by pasiënte met CD4-seltellings van < 100 mm³. 'n Vermindering van die dosis of staking van terapie kan noodsaaklik word.

Newe-effekte is aangemeld by pasiënte wie se neutrofieltellings, hemoglobienvlakke en serum-vitamien B_{12}-vlakke laag was aan die begin van sidovudien-terapie, en by pasiënte wat terselfdertyd parasetamol gebruik.

Gastroïntestinale afwykings:

Dikwels: Naarheid, braking, anoreksie, buikpyn, dispepsie.

Afwykings van die senuweestelsel:

Dikwels: Hoofpyn, parestesie, astenie, slapeloosheid.

Afwykings van die vel en subkutane weefsels:

Dikwels: Uitslag.

Muskuloskeletale-, bindweefsel en beenafwykings

Dikwels: Mialgie, malaise.

Naarheid het aansienlik meer dikwels voorgekom van alle studies van pasiënte wat sidovudien ontvang het. Daar is nie konsekwent aangemeld dat die ander newe-effekte meer dikwels voorgekom het as in die plasebo-ontvangers nie. Braking, anoreksie, malaise en astenie het meer dikwels by sidovudien-behandelde pasiënte met vroeë MIV-siekte voorgekom, terwyl erge hoofpyn, mialgie en slapeloosheid meer dikwels by die sidovudien-behandelde pasiënte met gevorderde MIV-siekte voorgekom het.

Algemene afwykings en kondisies by die plek van toediening:

Dikwels: Koors.

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Slaapsug, diarree, duiseligheid, sweet, dispnee, winderigheid, smaakafwyking, borspyn, verlies aan flink verstandelike vermoëns, angs, urinêre frekwensie, depressie, algemene pyn, koue rillings, hoes, urtikarie, pruritus en 'n griepagtige sindroom; hierdie simptome is as verdere newe-effekte, wat met die gebruik van **LODIZ** geassosieer word, aangemeld.

Die voorkoms van hierdie en ander minder algemene newe-effekte was soortgelyk by beide die sidovudien en plasebo-behandelde pasiënte. Die insidensie van naarheid en ander algemeen-aangemelde kliniese newe-effekte het met verloop van tyd konstant verminder gedurende die eerste paar weke van terapie met sidovudien. Dit is aangetoon met beskikbare data van beide plasebo-beheerde en oop kliniese proefstudies.

Die verwantskap tussen die volgende newe-effekte wat aangemeld is, en die gebruik van sidovudien, is moeilik om te evalueer indien die medies-gekompliseerde situasies, wat kenmerkend van gevorderde MIV-siekte is, in ag geneem word.

Hepatobiliêre afwykings:

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Melksuurasidose in die afwesigheid van hipoksemie, lewerafwykings soos erge hepatomegalie met steatose.

Muskuloskeletale-, bindweefsel en beenafwykings:

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Miopatie.

Afwykings van die bloed en limfatiese sisteem:

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Pansitopenie met beenmurg-hipoplasie en geïsoleerde trombositopenie.

Ondersoeke:

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Verhoogde bloedvlakke van lewerensieme en bilirubien.

Endokriene afwykings:

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Pankreatitis.

Muskuloskeletale-, bindweefsel en beenafwykings:

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: Pigmentering van die naels, vel en mondslymvlies.

Afwykings van die senuweestelsel:

Die volgende newe-effekte is aangemeld, maar die frekwensies daarvan is onbekend: By pasiënte wat oop kliniese proefterapie met sidovudien ontvang, is stuiptrekkings en ander serebrale gebeurtenisse ook aangemeld. Die voordelige effek van sidovudien op MIV-geassosieerde neurologiese afwykings word oor die algemeen gestaaf deur die hoeveelheid bewyse.

Indien die ernstigheidsgraad van die simptome dit regverdig, kan 'n vermindering of staking van sidovudienterapie help in die beoordeling en bestuur van hierdie kondisies. Die gebruik van **LODIZ** behoort gestaak en aparte preparate van sidovudien en lamivudien toegedien te word, indien die simptome ondraaglik sou raak.

Nie alle aangemelde newe-effekte van **LODIZ** is ingesluit in hierdie biljet nie. Sou u algemene gesondheid verswak of u enige ongewensde newe-effekte ervaar terwyl u **LODIZ** gebruik, moet u asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsbeampte raadpleeg vir advies.

As u enige newe-effekte waarneem wat nie in hierdie biljet genoem word nie, moet u asseblief u dokter of apteker in kennis stel.

6. BERGING EN WEGGOOI VAN LODIZ:

Bewaar teen of benede 30 °C. Beskerm teen lig en vogtigheid.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

Neem alle ongebruikte medisyne terug na u apteker.

Moenie enige ongebruikte medisyne in 'n drein of rioleringstelsel (bv. toilet) wegspoel nie.

7. AANBIEDING VAN LODIZ:

1. 60 tablette word in 'n wit, 110 ml HDPE-houer (swaargewig) verpak en bedek met 'n dop wat 'n induksieseëlprop bevat.
2. 60 tablette word in 'n wit, ronde, 75 ml HDPE-houer (swaargewig) verpak, met 'n geriffelde polipropileendop wat 'n induksieseëlprop bevat.

Nie alle verpakkings en pakgroottes word noodwendig bemark nie.

8. IDENTIFIKASIE VAN LODIZ:

Wit, gemodifiseerde kapsuulvormige, bikonvekse, filmbedekte tablette met 'C' en '60' op die een kant gedruk, en gewoon aan die ander kant.

9. REGISTRASIENOMMER

A40/20.2.8/0381

10. NAAM, BESIGHEIDSADRES EN TELEFOONNOMMER VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE

Novagen Pharma (Pty) Ltd
Kantoor 2, Sovereignrylaan 100
Route 21 Corporate Park
Nellmapiusrylaan
Irene, Pretoria
Suid-Afrika
Tel: +27 (0) 12 345 3175

11. DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE PASIËNTINLIGTINGSBILJET

Datum van registrasie: 11 Augustus 2006

Datum van die laaste hersiening van die teks soos goedgekeur deur die Raad: 11 Augustus 2006

Datum van kennisgewing ten opsigte van gewysigde Reg. 9 en 10: 02 Februarie 2015